

Die Voortrekkers



Grondwet

September 2017

Hierdie publikasie bevat al die veranderings wat tot op bogenoemde datum in die teks van die Grondwet van Die Voortrekkers aangebring is en verteenwoordig die huidige geldende teks na Kongres 2017 en vergadering van Hoofbestuur op 16 September 2017

Uitgegee deur:
Die Voortrekkers, Posbus 12542, Queenswood, 0121
Kopiereg: Die Voortrekkers
ISBN 1-874993-97-1
Alle regte voorbehou

INHOUD

1	Naam
2	Grondslag
3	Wese
4	Doelstellings
5	Beloftes
6	Voortrekkerkode
7	Taal
8	Lidmaatskap
9	Beskermhere
10	Voortrekkervlag
11	Leuse
12	Voortrekkerwapen
13	Voortrekkerdrag
14	Range
15	Vermoënsregtelike Bevoegdhede
16	Gesagsveld
17	Opleiding
18	Komitees
19	Vergaderings
20	Lidmaatskap Van Bestuursliggame
21	Erkenning Van Prestasie
22	Kommando's
22.1	Inleiding
22.2	Spanne
22.3	Groepe
22.4	Veldkornetskappe
22.5	Offisiersraad
22.6	Kommandobestuur
22.7	Kommandodagbestuur
22.8	Jaarvergadering
23	Streke
23.1	Groepering Van Kommando's In Streke
23.2	Organisasie, Magte En Pligte Van Streke
24	Oorde
24.1	Inleiding
24.2	Oordbestuur
24.3	Oorddagbestuur
24.4	Oordjeugraad
25	Gebiede
25.1	Gebiedsraad
25.2	Gebiedsbestuur
25.3	Gebiedsdagbestuur
25.4	Gebiedsjeugraad
26	Landwye Organisasie
26.1	Kongres
26.2	Hoofbestuur
26.3	Hoofdagbestuur
26.4	Nasionale Jeugraad
27	Dissipline en Dissiplinêre Stappe
28	Argief
29	Regsgeldigheid Van Die Grondwet
30	Ontbinding
31	Algemeen
32	Woordbepalings

1 NAAM VAN BEWEGING

Die Voortrekkers.

2 GRONDSLAG VAN DIE VOORTREKKERS

God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

3 WESE

Die Voortrekkers is ’n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

4 DOELSTELLINGS, DOELWITTE EN DOELEINDES

4.1 Doelstellings vloei voort uit die wese en is die Voortrekkers se verbintenis tot ’n bepaalde aksie.

Die Voortrekkers is daartoe verbind om:

1. ons geloof in God Drie-enig God in al ons Voortrekkeraktiwiteite te bevestig.
2. as moderne Afrikaners ons taal, kultuur en erfenis met trots te bevorder.
3. as positiewe burgers opbouend betrokke te wees by ons gemeenskap, land en kontinent.
4. as konsekwente Christene deur ons woorde en daede te getuig.
5. diensbaar in ons omgewing te wees.

4.2 **Die doelwitte en doeleindes van *Die Voortrekkers*:**

Die doelwitte en doeleindes van Die Voortrekkers word van tyd tot tyd bepaal, en beskryf deur die Hoofbestuur, in lyn met die Grondwet van Die Voortrekkers.

5 BELOFTES

5.1 Elke Penkop en Drawwertjie, soos in die betrokke reglement¹ bepaal, lê tydens inlywing plegtig die volgende belofte af:

Ek sal oral en altyd probeer om ’n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.

5.2 Elke Verkenner, soos in die betrokke reglement² bepaal, lê tydens inlywing plegtig die volgende belofte af:

Op my eer beloof ek dat ek sal strew om God te eer, om my volk, my land en my medemens te dien en om die Voortrekkerkode na te leef.

5.3 Elke Staatmaker, soos in die betrokke reglement³ bepaal, lê tydens inlywing plegtig die volgende belofte af:

Ek beloof dat ek sal strew om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag en wese van Die Voortrekkers en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

¹Reglement hoofstuk 3, artikels 3.1 en 3.2

²Reglement, hoofstuk 3, artikel 3.3

³Reglement, hoofstuk 3, artikel 4.1

- 5.4 Elke offisier, soos in die betrokke reglement⁴ bepaal, lê tydens inlywing plegtig die volgende belofte af:

Ek beloof dat ek sal strewê om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.

- 5.5 Elke heemraadslid, soos in die betrokke reglement⁵ bepaal, lê tydens inlywing plegtig die volgende belofte af:

Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers. Ek beloof om alles in my vermoë te doen om Die Voortrekkers in my omgewing met raad en daad te ondersteun en om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

6 VOORTREKKERKODE

Elke lid van *Die Voortrekkers* strewê daarna om die Voortrekkerkode na te leef, wat soos volg lui:

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.

7 TAAL

Die Voortrekkers se taal is Afrikaans.

8 LIDMAATSKAP

- 8.1 'n Aansoek om lidmaatskap spruit voort uit werwing deur, of op uitnodiging van *Die Voortrekkers* soos in die betrokke reglement⁶ bepaal.
- 8.2 Elke voornemende lid wat hom vereenselwig met die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* kan aansoek doen om lidmaatskap.
- 8.3 'n Voornemende lid se aansoek of aanbod om lidmaatskap word gehanteer soos in die betrokke reglement⁷ bepaal en word goedgekeur indien daar na die mening van *Die Voortrekkers* aan al die vereistes voldoen is.
- 8.4 In die geval van voornemende jeuglede moet die jeuglid se ouer/voog hom vergewis van die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* en skriftelik toestemming gee dat die jeuglid daaraan blootgestel word.
- 8.5 In die geval van lidmaatskap van offisiere, Staatmakers en heemraadslede moet 'n voornemende lid:
- 8.5.1 die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* onderskryf en uitleef;
- 8.5.2 'n lidmaat wees van 'n aanvaarde Christelike⁸ kerk.
- 8.6 'n Aansoek om lidmaatskap kan sonder bekendmaking van redes geweier word.
- 8.7 Alle goedgekeurde lede word geregistreer.

⁴Reglement, hoofstuk 3, artikel 5.1

⁵Reglement, hoofstuk 3, artikel 6.1

⁶Reglement, hoofstuk 3, artikel 10

⁷Reglement, hoofstuk 3, artikel 10

⁸Grondwet, artikel 32.7

- 8.8 Na registrasie moet lede, behalwe erelede en beskermhere ingelyf word deur die toepaslike belofte af te lê.
- 8.9 'n Lid se lidmaatskap van *Die Voortrekkers* kan beëindig word soos in die betrokke reglement⁹ bepaal.

9 BESKERMHERE

- 9.1 Die Hoofbestuur kan soos in die betrokke reglement¹⁰ bepaal uit eie beweging of op versoek van Gebiedsbesture 'n persoon nader om as hoofbeskermheer of as 'n beskermheer van *Die Voortrekkers* as geheel of van 'n bepaalde Gebied op te tree.
- 9.2 'n Gebiedsbestuur kan soos in die betrokke reglement¹¹ bepaal op versoek van 'n oord of 'n kommando 'n persoon nader om as beskermheer van die bepaalde oord of kommando op te tree.

10 VOORTREKKERVLAG

Die Voortrekkers se vlag is die vlag van die vroeëre Republiek Natalia.

11 LEUSE

Die Voortrekkers se leuse is *Hou Koers*.

12 VOORTREKKERWAPEN

Die wapen van *Die Voortrekkers* bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke, met 'n brandende fakkel daarvoor en 'n lint met *Die Voortrekkers* se leuse daarop, ooreenkomstig die ontwerp en kleure soos in die betrokke reglement¹² bepaal.

13 VOORTREKKERDRAG

Die hoofdagbestuur skryf by wyse van 'n reglement¹³ Voortrekkerdrag vir *Die Voortrekkers* voor, bepaal watter lede dit mag dra, wie dit moet dra en vir wie dit opsioneel is asook die wyse waarop en die omstandighede waaronder dit gedra word.

14 RANGE

Behalwe soos hierin uitdruklik bepaal, word die range in *Die Voortrekkers*, die rangkentekens vir daardie range asook die termyn wat 'n persoon 'n bepaalde rang kan beklee in die betrokke reglement¹⁴ bepaal.

15 VERMOËNSREGTELIKE BEVOEGDHEDE

Die Voortrekkers is as outonome regs persoon die eienaar en reghebbende van of ten opsigte van sy bates, roerend en onroerend, tasbaar en ontasbaar. Onroerende eiendom en verbande van *Die Voortrekkers* word geregistreer in die naam van "*Die Voortrekkers*". Waar onroerende goed in die verlede anders as in die naam van *Die Voortrekkers*, of verbande anders as ten gunste van *Die Voortrekkers*, geregistreer is, mag die betrokke Registrateur van Aktes, waar die betrokke onroerende goed geregistreer is, versoek word om 'n aantekening op die titelaktes of verbande aan te bring om aan te dui dat die eienaar of verbandhouer, na gelang van die geval, nou beskryf word soos hierbo aangedui. Uit hoofde van die voorgaande is die vermoënsregtelike bevoegdhede van *Die Voortrekkers* soos volg:

⁹Reglement, hoofstuk 3, artikel 13

¹⁰Reglement, hoofstuk 3, artikel 9

¹¹Reglement, hoofstuk 3, artikel 9

¹²Reglement, hoofstuk 2, artikels 2

¹³Reglement, hoofstuk 26

¹⁴Reglement, hoofstuk 4

- 15.1 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture vaste eiendom vir *Die Voortrekkers* te koop, te verkry by wyse van skenking of op enige manier wat *Die Voortrekkers* geskik ag; en om sodanige eiendomme te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel; om alle registrasies en transportaktes, verbandaktes, notariële aktes en enige ander registrasie wat vereis word, te laat bewerkstellig deur enige dokumente met betrekking tot die aankoop, verhuring, vervreemding en alle aksies wat daarmee gepaardgaan, transporter van vaste eiendom, passeer van verbande, kansellering van verbande en alle verklarings en ander dokumente vir registrasiedoeleindes benodig, te onderteken; en om verder die voorwaardes van enige verband wat gepasseer word, vas te stel, asook enige dokumente wat nodig is vir die uitreiking van sertifikate van geregistreerde titels of sertifikate van gewysigde titels of enige wysigings wat nodig is in titels waarkragtens eiendomme gehou word, te onderteken;
- 15.2 om deur middel van die hoofbestuur, gebiedsbesture, oordbesture en/of kommandobesture geld by wyse van ledegeld, fondsinsamelings en andere maniere te bekom asook handelsvoorraad, toerusting, uitrusting en alle soorte roerende eiendomme te koop of vir *Die Voortrekkers* te verkry op enige manier wat *Die Voortrekkers* geskik ag; om sodanige roerende eiendom te vervreem, te verhandel, te verhuur, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel;
- 15.3 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture aandele, sekuriteite en regte te koop of vir *Die Voortrekkers* te verkry op enige manier wat *Die Voortrekkers* geskik ag; om sodanige aandele, sekuriteite en regte te vervreem, te verhandel, te verbind of om op enige ander manier daarmee te handel;
- 15.4 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture enige eiendom en regte van *Die Voortrekkers* te bewerk, te ontgin, te verbeter of daarop te bou of te laat bou of daarmee te handel onderhewig aan die voorwaardes wat die hoofbestuur of 'n gebiedsbestuur na gelang van die geval bepaal;
- 15.5 om deur middel van die hoofbestuur, gebiedsbesture, oordbesture, streekbesture en/of kommandobesture enige geld van *Die Voortrekkers* te belê of daarmee te handel teen sodanige sekuriteite en op die manier soos van tyd tot tyd bepaal word; en om sulke sekuriteite en beleggings te sedeer, te kanselleer, te onthef, op te vra, te verander, te realiseer, te wysig, weer te belê of op 'n ander manier daarmee te handel soos van tyd tot tyd bepaal word;
- 15.6 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture geld te leen of te verkry en die betaling daarvan te verseker op die manier wat die betrokke bestuur goeddink en in die besonder as 'n verpligting teen of verseker deur 'n verband of verbande geregistreer teen al of enige van *Die Voortrekkers* se eiendom onder die betrokke bestuur se beheer;
- 15.7 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture promesses, wissels, verhandelbare of oordraagbare dokumente te trek, op te stel, te aksepteer, te endosseer, te verdiskonteer, te onderteken en uit te reik;
- 15.8 om waar nodig sulke ooreenkomste, hetsy notarieel of andersins, aan te gaan;
- 15.9 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture voltydse of deeltydse personeel aan te stel of te ontslaan en hulle regte, pligte en diensvoorwaardes te bepaal;
- 15.10 om waar die hoofbestuur handel, te handel in die naam van *Die Voortrekkers* en waar 'n gebied-, oord-, streek- of kommandobestuur handel, te handel in die naam van *Die Voortrekkers* met die toevoeging van die naam van die betrokke gebied, oord, streek of Voortrekkerkommando;
- 15.11 om die volgende funksionaris te magtig:
- 15.11.1 om namens die hoofbestuur te handel, die hoofleier en adjunkhoofleier [administrasie];
- 15.11.2 om namens die gebiedsbestuur te handel, die gebiedsleier en adjunkgebiedsleier [administrasie];
- 15.11.3 om namens die oordbestuur te handel, die oordleier en adjunkoordleier [administrasie];
- 15.11.4 om namens die streekbestuur te handel, die streekleier en adjunkstreekleier [administrasie];
- en
- 15.11.5 om namens die kommandobestuur te handel, die kommandoleier en adjunkkommandoleier [administrasie].
- 15.12 om deur middel van die hoofbestuur en/of gebiedsbesture regsdinge in te stel of te verdedig of om as applikant of respondent in enige regsproses op te tree; en

- 15.13 om alle vermoënsregtelike handeling te verrig wat met die bogenoemde doeleindes saamhang of wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is behoudens die bepalings van die betrokke reglemente¹⁵.

16 GESAGSVELD

- 16.1 Die gesagsveld van *Die Voortrekkers* is die Republiek van Suid-Afrika en elders waar die Grondwet van *Die Voortrekkers* van krag is of gemaak word.
- 16.2 Die Hoofbestuur groepeer Voortrekkerkommando's in gebiede¹⁶ en kan op eie inisiatief of op versoek 'n bestaande gebied in verdere gebiede verdeel of die grense van 'n gebied wysig met instemming van die betrokke gebiedsbestuur of gebiedsbesture, na gelang van die geval, en op sodanige grondslag as waarop die hoofbestuur en die betrokke gebiedsbestuur of gebiedsbesture besluit.
- 16.3 Die hoofbestuur kan met Voortrekkerbewegings in ander state of met ander liggame samewerkingsooreenkomste sluit onderhewig aan die outonomieit van *Die Voortrekkers*.

17 OPLEIDING

Behalwe soos hierin uitdruklik bepaal, geskied alle opleiding van lede van *Die Voortrekkers* en die erkenning daarvoor op die wyse en ooreenkomstig die standarde soos in die betrokke reglement¹⁷ bepaal.

18 KOMITEES

- 18.1 Alle bestuursliggame kan komitees aanwys soos in die betrokke reglement¹⁸ bepaal.
- 18.2 Die hoofbestuur is verplig om voor 'n finale besluit oor enige aangeleentheid rakende die Grondwet en die reglemente die advies van 'n nasionale komitee in te win wat vir dié doel deur die hoofbestuur aangewys is. Ten minste een van die lede van die nasionale komitee moet 'n regsgeleerde wees.

19 VERGADERINGS

Alle vergaderings word gehou volgens die prosedure soos in die betrokke reglement¹⁹ bepaal.

20 LIDMAATSKAP VAN BESTUURSLIGGAME²⁰

- 20.1 Elke lid van 'n bestuursliggaam bly in die pos waartoe hy benoem of verkies is totdat sy opvolger benoem of verkies is, totdat hy uit die bestuursliggaam bedank of totdat sy funksie of lidmaatskap van *Die Voortrekkers* beëindig word.
- 20.2 'n Lid van 'n bestuursliggaam is herkiesbaar mits hy aan die vereistes voldoen soos in die betrokke reglement²¹ bepaal.
- 20.3 'n Lid se lidmaatskap van 'n bestuursliggaam kan beëindig word soos in die betrokke reglement²² bepaal.

21 ERKENNING VAN PRESTASIE

- 21.1 Kentekens vir getroue diens word toegeken soos in die betrokke reglement²³ bepaal.

¹⁵Reglement, hoofstuk 14

¹⁶Grondwet, artikel 25

¹⁷Reglement, hoofstuk 9

¹⁸Reglement, hoofstuk 12

¹⁹Reglement, hoofstuk 18

²⁰Reglement, hoofstuk 1, artikel 3

²¹Reglement, hoofstuk 4

²²Reglement, hoofstuk 3, artikel 13

²³Reglement, hoofstuk 10

- 21.2 Medaljes, dekorasies en penninge word vir besondere diens toegeken soos in die betrokke reglement²⁴ bepaal
- 21.3 Kentekens vir graadwielwerk en spesialisasie kursusse wat afgehandel is, word toegeken soos in die betrokke reglement²⁵ bepaal.
- 21.4 Gepaste ABC kentekens word toegeken soos in die betrokke reglement²⁶ bepaal.

22 VOORTREKKERKOMMANDO'S

22.1 Inleiding

- 22.1.1 Die gebiedsbestuur van elke gebied stig Voortrekkerkommando's binne sy gebied soos in die betrokke reglement²⁷ bepaal.
- 22.1.2 Alle Voortrekkerkommando's word by die betrokke Gebiedsbestuur geregistreer soos in die betrokke reglement²⁸ bepaal.
- 22.1.3 'n Voortrekkerkommando bestaan uit die geregistreerde lede wat aan die bepaalde Voortrekkerkommando toegedeel is soos in die betrokke reglement²⁹ bepaal.
- 22.1.4 Die samestelling, organisasie en werksaamhede, asook die magte en pligte van 'n Voortrekkerkommando word in die betrokke reglement³⁰ bepaal.

22.2 Spanne

- 22.2.1 Die kommandodagbestuur deel die jeuglede van die Voortrekkerkommando in spanne in soos in die betrokke reglement³¹ bepaal.
- 22.2.2 Elke span verkies een of meer keer per jaar onder leiding van 'n offisier een lid uit sy geledere tot die rang van spanleier en een of meer lede tot die rang van adjunkspanleier. 'n Span kan ander ampsdraers na goeddunke verkies.
- 22.2.3 Die spanleiers en, waar die kommandobestuur dit goedkeur, die adjunkspanleiers in 'n Voortrekkerkommando kan 'n raad of rade vir jeuglede vorm soos die kommandobestuur dit doenlik ag. Dié raad of rade het die reg tot koöptasie en vergader so dikwels as wat nodig is onder leiding van 'n offisier wat daarvoor deur die kommandobestuur aangewys is. Die raad of rade vervul die take wat aan hulle deur die kommandobestuur of offisierraad opgedra is en verder die take soos in die betrokke reglement³² bepaal.
- 22.2.4 Die spanleiers en, waar die kommandobestuur dit goedkeur, die adjunkspanleiers in 'n Voortrekkerkommando kies elke jaar onder leiding van 'n offisier 'n kommandojeugleier of kommandojeugleiers vir Penkoppe, Drawwertjies, Verkennerseuns en Verkennerdogters uit die geledere van die onderskeie jeuglede soos in die betrokke reglement³³ bepaal.
- 22.2.5 Elke raad wat saamgestel is kragtens die bepalings van artikel 22.2.3 verkies onder leiding van 'n offisier elke jaar 'n sekretaris en indien nodig 'n penningmeester en/of adjunksekretaris. 'n Kommandojeugleier tree as voorsitter van die raad op. Die aldus verkose ampsdraers vorm die dagbestuur van die raad.
- 22.2.6 Alle verkiesings vermeld in artikels 22.2.2, 22.2.4 en 22.2.5 is onderworpe aan bekragtiging deur die kommandobestuur.
- 22.2.7 'n Span word deur 'n offisier, of 'n ander volwasse lid, gelei.
- 22.2.8 Nieteenstaande enige andersluidende bepaling mag die vorming van spanne los van 'n Voortrekkerkommando gemagtig word. Die wyse van magtiging, registrasie en samestelling asook die magte, pligte en werksaamhede van sodanige spanne word in die betrokke reglement³⁴ bepaal.

²⁴Reglement, hoofstuk 11

²⁸Reglement, hoofstuk 10

²⁶Reglement, hoofstuk 10

²⁷Reglement, hoofstuk 19, artikel 5

²⁸Reglement, hoofstuk 19, artikel 5

²⁹Reglement, hoofstuk 19, artikel 5

³⁰Reglement, hoofstuk 20

³¹Reglement, hoofstuk 20, artikel 8.4

³²Reglement, hoofstuk 5, artikels 2

³³Reglement, hoofstuk 5, artikel 2

³⁴Reglement, hoofstuk 19, artikel 3

22.3 Groepe

Die kommandodagbestuur deel die Staatmakers van 'n Voortrekkerkommando in groepe in soos in die betrokke reglement³⁵ bepaal.

22.4 Veldkornetskappe

22.4.1 Die kommandodagbestuur deel die spanne van 'n Voortrekkerkommando in veldkornetskappe in soos in die betrokke reglement³⁶ bepaal. 'n Voortrekkerkommando bestaan uit minstens twee veldkornetskappe, behalwe waar die gebiedsbestuur tot 'n ander reëling instem. 'n Veldkornetskap staan onder leiding van 'n offisier met die rang van veldkornet of 'n adjunkkommandoleier.

22.4.2 Nieteenstaande enige ander bepaling kan die vorming van 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando gemagtig word. Die wyse van magtiging, registrasie en samestelling asook die magte, pligte en werksaamhede van sodanige veldkornetskappe word in die betrokke reglement³⁷ bepaal.

22.5 Offisiersraad

22.5.1 Die offisiere van 'n Voortrekkerkommando vorm die offisiersraad daarvan.

22.5.2 Die offisiersraad se hoofsaak is die organisering, beplanning en uitvoering van die werksaamhede van die Voortrekkerkommando, met inbegrip van indiensopleiding soos in die betrokke reglement³⁸ bepaal.

22.5.3 Die offisiersraad vergader so dikwels as wat nodig is, maar minstens een keer elke drie maande. Die vergaderings vind plaas onder leiding van die kommandodagbestuur.

22.6 Kommandobestuur

22.6.1 Die kommandobestuur bestaan uit:

- a) die offisiersraad;
- b) die heemraadslede;
- c) die hoofgroepleier en groepleiers van die Staatmakers; en
- d) die kommandojeugleiers.

22.6.2 Die kommandobestuur se taak is:

- a) om minstens tweejaarliks soos in die betrokke reglement³⁹ bepaal 'n kommandoleier, 'n adjunkkommandoleier [administrasie] en / of 'n adjunkkommandoleier [finansies] en een of meer adjunkkommandoleiers te verkies, soos vooraf deur kommandobestuur bepaal, asook die nodige getal veldkornette vir die kommando te verkies;
- b) om tussentydse vakatures in die kommandodagbestuur te vul;
- c) om die magte uit te oefen en die pligte te vervul soos in die betrokke reglement⁴⁰ bepaal;
- d) om 'n wakende oog te hou oor al die belange en bates van die Voortrekkerkommando en die welsyn van die Voortrekkerkommando op elke terrein te bevorder en om toe te sien dat die werksaamhede van die Voortrekkerkommando uitgevoer word;
- e) om vir die onverstreke dienstermyn van heemraadslede tussentydse vakatures deur koöptasie aan te vul;
- f) om die verslae vermeld in artikel 22.8.3 aan die jaarvergadering voor te lê;
- g) om volwasse lede te werf en te sorg dat hulle opgelei word;
- h) om offisiere of Staatmakers te nomineer as kandidate vir die oorddagbestuur, gebiedsdagbestuur en hoofdagbestuur
- i) om soos in die betrokke reglement⁴¹ bepaal, deel te neem aan die verkiesing van die gebiedsleier en die oordleier.

22.6.3 Die kommandobestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar minstens een keer elke drie maande. Die vergaderings vind plaas onder die leiding van die kommandodagbestuur.

³⁵Reglement, hoofstuk 8

³⁶Reglement, hoofstuk 20

³⁷Reglement, hoofstuk 19, artikel 4

³⁸Reglement, hoofstuk 20, artikel 6

³⁹Reglement, hoofstuk 20, artikel 5

⁴⁰Reglement, hoofstuk 20, artikel 4

⁴¹Reglement, hoofstuk 23, artikel 5

22.7 Kommandodagbestuur

- 22.7.1 Die kommandodagbestuur bestaan uit:
- die kommandoleier;
 - adjunkkommandoleier [administrasie] en
 - een of meer adjunkkommandoleiers, met of sonder spesifieke portefeuljies, soos deur die kommandobestuur bepaal.
- 22.7.2 Die verkiesing van die kommandodagbestuur geskied soos in die betrokke reglement⁴² bepaal met inagneming dat:
- die kommandobestuur 'n kommandoleier, 'n adjunkkommandoleier [administrasie] en bykomende adjunkkommandoleiers, soos vooraf deur kommandobestuur bepaal, verkies na voorafnominasie deur enige lid van die kommandobestuur.
 - verkiesing minstens tweejaarliks sal geskied; en
 - die kommandobestuur die verkiesing voor die einde van die vierde skooltermyn na die kongres sal afhandel en dan weer twee jaar later.
- 22.7.3 Die verkiesing van die kommandodagbestuur is onderhewig daaraan dat:
- alle funksionariese met 'n volstreekte meerderheid verkies word;
 - ten minste een persoon van elke geslag in die kommandodagbestuur dien;
 - die adjunkkommandoleier [administrasie] tot die bepaalde portefeuljies verkies word;
 - Die kommandodagbestuur kom ooreen watter portefeuljies, indien nie tot spesifieke portefeuljies verkies nie, of ander verantwoordelikhede, deur verkose lede hanteer moet word.
- 22.7.4 Die kommandodagbestuur se taak is:
- om te handel in opdrag van die gebiedsbestuur, die oordbestuur, die streekbestuur en die kommandobestuur asook die offisiersraad;
 - om namens die kommandobestuur en die offisiersraad te handel met alle sake wat aan die kommandobestuur en die offisiersraad opgedra is wanneer hulle nie in sitting is nie;
 - om die pligte te vervul en die magte uit te oefen soos in die betrokke reglement⁴³ bepaal;
 - om te sorg dat volwasse lede opgelei word; en
 - om gereeld 'n verslag oor sy werksaamhede aan die kommandobestuur en die offisiersraad voor te lê.
- 22.7.5 Elke offisier en Staatmaker wat in 'n oord-, 'n gebied- of die hoofdagbestuur van *Die Voortrekkers* dien, beklee ook die posisie van 'n bykomende adjunkkommandoleier in die kommando waar hy geregistreer is. Sodanige offisiere en Staatmakers het egter nie stemreg in die kommandodagbestuur nie.
- 22.7.6 Die kommandodagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is.
- 22.7.7 Die kommandodagbestuur tree op as die dagbestuur van die offisiersraad, die kommando- bestuur en die jaarvergadering. Hierdie vergaderings word byeengeroep deur die kommandodagbestuur. Die kommandoleier tree op as voorsitter en die adjunkkommandoleier [administrasie] as sekretaris van hierdie vergaderings. Indien die kommandoleier afwesig is, tree 'n adjunkkommandoleier, anders as die adjunkkommandoleier [administrasie] wat deur die kommandodagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkkommandoleier [administrasie] afwesig is, wys die kommandodagbestuur vooraf uit die gelede van die betrokke vergadering 'n sekretaris aan.

22.8 Jaarvergadering

- 22.8.1 Elke Voortrekkerkommando moet minstens een keer per jaar 'n jaarvergadering hou.
- 22.8.2 Alle offisiere en Staatmakers van die Voortrekkerkommando, alle ouers van jeuglede van die Voortrekkerkommando en alle volwasse jeugvriende van die Voortrekkerkommando is lede van die jaarvergadering. Die aanwesige lede vorm 'n kworum.
- 22.8.3 Die jaarvergadering se taak is:
- om jaarliks die verkiesing van Heemraadslede te behartig uit die persone wat benoem is soos in die betrokke reglement⁴⁴ bepaal sodat die getal heemraadslede ten minste 20%, maar nie meer is as die getal spanoffisiere en veldkornette van die Voortrekkerkommando nie;

⁴²Reglement, hoofstuk 22, artikel 4

⁴³Reglement, hoofstuk 20, artikel 5

⁴⁴Reglement, hoofstuk 18, artikel 19

- b) om 'n verslag oor die werksaamhede van die Voortrekkerkommando gedurende die afgelope jaar te behandel;
- c) om die goedgekeurde finansiële state, soos beskryf in die betrokke reglement, van die afgelope jaar te behandel;
- d) om aanverwante aangeleenthede te behandel en om besluite daaromtrent te neem vir uitvoering deur die kommandobestuur; en
- e) om die pligte uit te voer soos in die betrokke reglement⁴⁵ bepaal.

23 STREKE⁴⁶

23.1 Groepering van kommando's in streke

- 23.1.1 'n Oordbestuur kan Voortrekkerkommando's binne sy oord in streke groepeer in oorleg met die betrokke gebiedsbestuur.
- 23.1.2 Die oordbestuur kan sulke groeperings te eniger tyd wysig of herroep na oorleg-pleging met die betrokke gebiedsbestuur.

23.2 Organisasie, magte en pligte van streke

- 23.2.1 Waar 'n oordbestuur Voortrekkerkommando's in streke groepeer, bepaal daardie oordbestuur die organisasie, magte en pligte van sodanige streke in oorleg met die betrokke gebiedsbestuur.
- 23.2.2 Die oordbestuur kan te enige tyd die organisasie, magte en pligte van streke in die oord in oorleg met die betrokke gebiedsbestuur wysig of herroep.

24 OORDE

24.1 Inleiding

- 24.1.1 'n Gebiedsbestuur groepeer Voortrekkerkommando's binne die betrokke gebied in oorde.
- 24.1.2 Die groepering van Voortrekkerkommando's in oorde geskied sodanig dat daar 'n vasgestelde gemiddelde getal Voortrekkerkommando's per oord is soos in die betrokke reglement⁴⁷ bepaal.
- 24.1.3 Die betrokke gebiedsbestuur kan die groeperings te eniger tyd wysig.

24.2 Oordbestuur

- 24.2.1 'n Oordbestuur word vir elke oord saamgestel.
- 24.2.2 Die oordbestuur bestaan uit:
 - a) die lede van die oorddagbestuur;
 - b) die kommandoleiers in die oord;
 - c) veldkornette of hoofgroepleiers van veldkornetskappe los van Voortrekkerkommando's in die oord;
 - d) oordjeugleier indien verkies; en
 - e) offisiere van spanne los van kommando's in die oord in raadgevende hoe-danigheid.
- 24.2.3 Die dienstermyn van 'n oordbestuur en van die betrokke lede en word deur die betrokke reglement⁴⁸ bepaal.
- 24.2.4 Die oordbestuur se taak is:
 - a) om te waak oor die belange van *Die Voortrekkers* in die betrokke oord;
 - b) om op te tree volgens die voorskrifte van die Grondwet en die reglemente⁴⁹ wat handel oor oordbesture;
 - c) om oor sy werksaamhede aan die betrokke gebiedsbestuur verslag te doen en om geouditeerde finansiële state aan die gebiedsbestuur voor te lê;
 - d) om te oorweeg om die oord in streke te verdeel ter wille van die doeltreffende funksionering onder plaaslike omstandighede;
 - e) om offisiere en Staatmakers te nomineer as kandidate vir die gebiedsdagbestuur en die

⁴⁵Reglement, hoofstuk 20, artikel 3

⁴⁶Reglement, hoofstuk 21

⁴⁷Reglement, hoofstuk 22, artikel 2

⁴⁸Reglement, hoofstuk 22, artikel 3

⁴⁹Reglement, hoofstuk 22, artikel 3

- hoofdagbestuur.
- f) om tussentydse vakatures in die oorddagbestuur te vul; en
 - g) om toe te sien dat vakatures in die oordbestuur deur die betrokke bestuursliggaam gevul word;
 - h) om die verkiesing van adjunkgebiedsleiers te hanteer.
- 24.2.5 Die oordbestuur sien toe dat 'n oorddagbestuur gekies word uit die lede van *Die Voortrekkers* in die oord.
- 24.2.6 Die oordbestuur vergader minstens twee keer per jaar en word byeengeroep deur die oorddagbestuur soos in die betrokke reglement⁵⁰ bepaal.
- 24.2.7 Die oordleier tree op as voorsitter en die adjunkoordleier [administrasie] as sekretaris van die vergadering van die oordbestuur. Indien die oordleier afwesig is, tree die adjunkoordleier as voorsitter op. Indien hulle albei afwesig is, wys die vergadering uit sy geledere 'n voorsitter aan. Indien die adjunkoordleier [administrasie] afwesig is, wys die oorddagbestuur vooraf uit die geledere van die vergadering 'n sekretaris aan.

24.3 Oorddagbestuur

- 24.3.1 Die oorddagbestuur bestaan uit:
- a) die oordleier;
 - b) die adjunkoordleier [administrasie] en
 - c) een of meer adjunkoordleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, soos deur die oordbestuur bepaal.
- 24.3.2 Die verkiesing van die oorddagbestuur geskied soos in die betrokke reglement⁵¹ bepaal met inagneming dat:
- a) die oordbestuur 'n oordleier, 'n adjunkoordleier [administrasie] en bykomende adjunkoordleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, soos vooraf deur oordbestuur bepaal, verkies na voorafnominasie deur enige van die kommandobesture binne die oord.
 - b) die oordbestuur die verkiesing voor die einde van die derde skooltermyn na die kongres sal afhandel.
- 24.3.3 Die verkiesing van die oorddagbestuur is onderhewig daaraan dat:
- a) alle funksionaries met 'n volstreekte meerderheid verkies word;
 - b) ten minste een persoon van elke geslag in die oorddagbestuur dien;
 - c) die adjunkoordleier [administrasie] tot die bepaalde portefeulje verkies word;
 - d) 'n lid op oorddagbestuur in die pos as adjunkoordleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien tensy die gebiedsbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf, of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander adjunkoorleier portefeulje wil dien;
 - e) die oordleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die gebiedsbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf;
 - f) die oorddagbestuur kom ooreen watter portefeuljes, indien nie tot spesifieke portefeuljes verkies nie, of ander verantwoordelikhede, deur die verkose lede hanteer moet word
- 24.3.4 Die dienstermyn van die oorddagbestuur strek vanaf die einde van die derde skooltermyn in die jaar waarin kongres gehou word tot dieselfde tyd na die volgende kongres soos in die betrokke reglement⁵² bepaal.
- 24.3.5 Die oorddagbestuur se taak is:
- a) om te handel in opdrag van die gebiedsbestuur, die gebiedsdagbestuur en die oordbestuur;
 - b) om namens die oordbestuur te handel wanneer die oordbestuur nie in sitting is nie;
 - c) om toesig te hou en leiding te gee oor die uitvoering van die bepalings van die Grondwet in die betrokke oord; en
 - d) om waar nodig navraag by ondergeskikte liggame te doen oor opdragte, take en pligte wat skynbaar nie uitgevoer of nie afgehandel word nie, nie in orde is nie of versuim word, en om dan volgens sy bevinding te handel en/of opdragte te gee na gelang die

⁵⁰Reglement, hoofstuk 22, artikel 3

⁵¹Reglement, hoofstuk 22, artikel 4

⁵²Reglement, hoofstuk 24, artikel 4

- oorddagbestuur oordeel dat die goeie gang van sake die beste bevorder kan word.
- 24.3.6 Lede van die oorddagbestuur het in raadgewende hoedanigheid sitting in alle vergaderings van enige liggaam wat aan hom ondergeskik is.
- 24.3.7 Die oorddagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is.
- 24.3.8 Die oordleier tree op as voorsitter van die vergadering van die oorddagbestuur en die adjunkoordleier [administrasie] as sekretaris daarvan.

24.4 Oordjeugraad

Die samestelling en funksionering van die oordjeugraad word in die reglement⁵³ omskryf.

25 GEBIEDE

25.1 Gebiedsraad

- 25.1.1 'n Gebiedsbestuur belê minstens elke vier jaar 'n gebiedsraad vir al die geregistreerde lede in 'n betrokke gebied.
- 25.1.2 Die wyse waarop 'n gebiedsraad byeengeroep word, asook die werkwyse van so 'n gebiedsraad, is soos in die betrokke reglement⁵⁴ bepaal.
- 25.1.3 'n Gebiedsraad bestaan uit:
- a) die lede van die gebiedsbestuur;
 - b) een afgevaardigde van elke Veldkornetskapskap los van 'n Voortrekkerkommando met ten minste 12 lede en Voortrekkerkommando's met 12 tot 40 lede, aangewys deur die Veldkornetskaps- of Kommandobestuur;
 - c) twee afgevaardigdes van elke Voortrekkerkommando met 41 tot 100 lede, met een bykomende afgevaardigde vir elke gedeelte tot volle honderdtal bo die eerste 100 lede, aangewys deur die Kommandobestuur;
 - d) die Gebiedsjeugleiers;
 - e) een senior Verkenner afgevaardigde van Voortrekkerskommando's met meer as 12 Verkenners, aangewys deur Kommandobestuur;
 - f) een Staatmaker afgevaardigde van Voortrekkerkommando's met meer as 12 Staatmakers, aangewys deur Kommandobestuur;
 - g) ander lede van Die Voortrekkers en ander persone wat die gebiedsdagbestuur besluit om in raadgewende hoedanigheid uit te nooi.
- 25.1.4 Die aanwesige lede vorm 'n kworum.
- 25.1.5 Die taak van 'n gebiedsraad is soos in die betrokke reglement⁵⁵ bepaal.
- 25.1.6 Die gebiedsleier tree op as voorsitter en die adjunkgebiedsleier [administrasie] as sekretaris van die Gebiedsraad. Indien die gebiedsleier afwesig is tree 'n adjunkgebiedsleier anders as die adjunkgebiedsleier [administrasie] wat deur die gebiedsdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkgebiedsleier [administrasie] afwesig is, wys die gebiedsdagbestuur vooraf uit die geledere van die vergadering 'n sekretaris aan.
- 25.1.7 Besluite van die Gebiedsraad is bindend op lede van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied, vir sover die besluite nie in stryd is met besluite van die hoofdagbestuur, hoofbestuur en die Kongres nie.

25.2 Gebiedsbestuur

- 25.2.1 'n Gebiedsbestuur word vir elke gebied saamgestel.
- 25.2.2 Die gebiedsbestuur bestaan uit:
- a) die lede van die gebiedsdagbestuur;
 - b) die oordleiers in die gebied;
 - c) kommandoleiers waar die gebied nie oorde het nie en minder as 1000 lede het
 - d) die gebieds-skakeldraer van die Staatmakers wanneer daar Staatmakers is; en
 - e) een gebiedsjeugleier.
- 25.2.3 Voorsitters van gebieds- en ad hoc-komitees en ander kundiges kan bepaalde sittings van

⁵³Reglement, hoofstuk 5

⁵⁴Reglement, hoofstuk 23, artikel 3

⁵⁵Reglement, hoofstuk 23, artikel 3

die gebiedsbestuur op uitnodiging van die gebiedsdagbestuur in raadgevende hoedanigheid bywoon.

- 25.2.4 Die dienstermyn van 'n gebiedsbestuur en van die betrokke lede strek soos in die betrokke reglement⁵⁶ bepaal.
- 25.2.5 Die gebiedsbestuur se taak is:
- om te waak oor die belange van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied;
 - om op te tree volgens die voorskrifte van die Grondwet en die reglemente⁵⁷ wat handel oor gebiedsbesture;
 - om volledig oor sy werksaamhede aan die hoofbestuur verslag te doen en om die goedgekeurde finansiële, state soos beskryf in die betrokke reglement, aan die hoofbestuur voor te lê;
 - om te sorg vir die opleiding van volwasse lede;
 - om offisiere of Staatmakers te nomineer as kandidate vir die hoofdagbestuur;
 - om tussentydse vakatures in die gebiedsdagbestuur te vul; en
 - om toe te sien dat vakatures in die gebiedsbestuur gevul word deur die betrokke bestuursliggaam wat verteenwoordig was deur die persoon wat nie meer lid van die gebiedsbestuur is nie.
- 25.2.6 Die gebiedsbestuur sien toe dat 'n gebiedsdagbestuur verkies word.
- 25.2.7 Die gebiedsbestuur vergader minstens een keer per jaar en word byeengeroep deur die gebiedsdagbestuur soos in die betrokke reglement⁵⁸ bepaal.
- 25.2.8 Die gebiedsleier tree op as voorsitter en die adjunkgebiedsleier [administrasie] as sekretaris van die vergadering van die gebiedsbestuur. Indien die gebiedsleier afwesig is, tree 'n adjunkgebiedsleier, anders as die adjunkgebiedsleier [administrasie], wat deur die gebiedsdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkgebiedsleier [administrasie] afwesig is, wys die gebiedsdagbestuur vooraf uit die geledere van die vergadering 'n sekretaris aan.

25.3 Gebiedsdagbestuur

- 25.3.1 Die gebiedsdagbestuur bestaan uit:
- die gebiedsleier;
 - die adjunkgebiedsleier [administrasie];
 - die adjunkgebiedsleier [finansies] en
 - een of meer adjunkgebiedsleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, soos deur die gebiedsbestuur bepaal.
- 25.3.2 Die verkiesing van die gebiedsdagbestuur geskied soos die betrokke reglement⁵⁹ bepaal met inagneming dat:
- die gebiedsleier deur die gebiedsraad verkies word na voorafnominasies deur enige kommandobestuur of oordbestuur binne die betrokke gebied;
 - die adjunkgebiedsleier [administrasie] en adjunkgebiedsleier [finansies] verkies word deur 'n kieskollege na voorafnominasie deur enige kommandobestuur of oordbestuur binne die betrokke gebied;
 - een of meer adjunkgebiedsleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, verkies word deur 'n kieskollege na voorafnominasie deur enige kommandobestuur of oordbestuur binne die betrokke gebied;
 - Die kieskollege van die gebied sal bestaan uit die sittende gebiedsdagbestuur, gebiedsbestuur en oordbesture.
- 25.3.3 Die verkiesing van die gebiedsdagbestuur is onderhewig daaraan dat:
- alle funksionaries met 'n volstrekte meerderheid verkies word;
 - ten minste een persoon van elke geslag in die gebiedsdagbestuur dien;
 - die adjunkgebiedsleier [administrasie] en adjunkgebiedsleier [finansies] tot die bepaalde portefeuljes verkies word;
 - die bykomende adjunkgebiedsleiers nie vir bepaalde portefeuljes verkies moet word nie, maar wel so verkies kan word indien die gebiedsbestuur so besluit;

⁵⁶Reglement, hoofstuk 23, artikel 5

⁵⁷Reglement, hoofstuk 23, artikel 4

⁵⁸Reglement, hoofstuk 23, artikel 4

⁵⁹Reglement, hoofstuk 23, artikel 5

- e) 'n lid op gebiedsdagbestuur in die pos as adjunkgebiedsleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien tensy die hoofbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf, of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander adjunkgebiedsleier portefeulje wil dien;
- f) die gebiedsleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die hoofbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf;
- g) indien 'n lid van 'n oorddagbestuur tot die gebiedsdagbestuur verkies word, hy sy rang op oordvlak neerlê.
- h) Die gebiedsdagbestuur kom ooreen watter portefeuljes, indien nie tot spesifieke portefeuljes verkies nie, of ander verantwoordelikhede, deur verkose lede hanteer moet word.

25.3.4 Die dienstermyn van die gebiedsdagbestuur strek van een kongres tot die volgende een soos in die betrokke reglement⁶⁰ bepaal.

25.3.5 Die gebiedsdagbestuur se taak is:

- a) om te handel in opdrag van die buitengewone Kongres, die Kongres, die hoofbestuur, die hoofdagbestuur en die gebiedsbestuur;
- b) om namens die gebiedsbestuur te handel wanneer die gebiedsbestuur nie in sitting is nie;
- c) om toesig te hou en leiding te gee oor die uitvoering van die bepalings van die Grondwet in die betrokke gebied; en
- d) om waar nodig navraag by ondergeskikte liggame te doen oor opdragte, take en pligte wat skynbaar nie uitgevoer of nie afgehandel word nie, nie in orde is nie of versuim word, en om dan volgens sy bevinding te handel en/of opdragte te gee na gelang die gebiedsdagbestuur oordeel dat die goeie gang van sake die beste bevorder kan word.

25.3.6 Lede van die gebiedsdagbestuur het in raadgewende hoedanigheid sitting in alle vergaderings van enige liggaam wat aan hom ondergeskik is.

25.3.7 Die gebiedsdagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is.

25.3.8 Die gebiedsleier tree op as voorsitter en die adjunkgebiedsleier [administrasie] as sekretaris van die vergadering. Indien die gebiedsleier afwesig is, tree 'n adjunkgebiedsleier anders as die adjunkgebiedsleier [administrasie] wat deur die gebiedsdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkgebiedsleier [administrasie] afwesig is, wys die gebiedsdagbestuur vooraf 'n sekretaris aan.

25.4 Gebiedsjeugraad

Die samestelling en funksionering van 'n gebiedsjeugraad word in die betrokke reglement⁶¹ omskryf.

26 LANDWYE ORGANISASIE

26.1 Kongres

26.1.1 Die hoofbestuur belê minstens elke vier jaar 'n Kongres van *Die Voortrekkers*.

26.1.2 Die wyse waarop die Kongres byeengeroep word, asook die werkwyse van die Kongres, is soos in die betrokke reglement⁶² bepaal.

26.1.3 Die Kongres bestaan uit:

- a) die lede van die hoofbestuur;
- b) een afgevaardigde van elke veldkornetskapskap los van 'n Voortrekkerkommando met ten minste 12 lede en Voortrekkerkommando's met 12 tot 40 lede, aangewys deur die Veldkornetskaps- of Kommandobestuur;
- c) twee afgevaardigdes van elke Voortrekkerkommando met 41 tot 100 lede, met een bykomende afgevaardigde vir elke gedeelte tot volle honderdtal bo die eerste 100 lede, aangewys deur die Kommandobestuur;
- d) een afgevaardigde van elke Oord aangewys deur die betrokke Oorddagbestuur;

⁶⁰Reglement, hoofstuk 24, artikel 4

⁶¹Reglement, hoofstuk 5

⁶²Reglement, hoofstuk 25

- e) die Gebiedsjeugleiers;
 - f) een senior Verkenner afgevaardigde van Voortrekkerkommando's met meer as 12 Verkenners, aangewys deur Kommandobestuur;
 - g) een Staatmaker afgevaardigde van Voortrekkerkommando's met meer as 12 Staatmakers, aangewys deur Kommandobestuur;
 - h) ander lede van Die Voortrekkers en ander persone wat die Hoofdagbestuur besluit om in raadgewende hoedanigheid uit te nooi.
- 26.1.4 Die aanwesige lede vorm 'n kworum.
- 26.1.5 Die Kongres se taak is:
- a) om uitvoering te gee aan die doelstellings van *Die Voortrekkers*;
 - b) om leiding te gee in alle sake rakende *Die Voortrekkers*;
 - c) om beskrywingspunte wat aan hom voorgelê word te behandel en daarvoor uitsluitel te gee;
 - d) om verslae van die hoofbestuur aangaande die werksaamhede van *Die Voortrekkers* te ontvang en te behandel, insluitende die goedgekeurde finansiële state, soos beskryf in die betrokke reglement;
 - e) om 'n hoofleier uit die lede van *Die Voortrekkers* te verkies; en
 - f) om die Grondwet te wysig - 'n taak wat nie gedelegeer kan word nie.
- 26.1.6 Die hoofleier tree op as voorsitter en die adjunkhoofleier [administrasie] as sekretaris van die Kongres. Indien die hoofleier afwesig is, tree 'n adjunkhoofleier anders as die adjunkhoofleier [administrasie] wat deur die hoofdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkhoofleier [administrasie] afwesig is, wys die hoofdagbestuur vooraf uit die geleedere van die hoofbestuur 'n sekretaris aan.
- 26.1.7 Besluite van die Kongres is bindend vir alle lede van *Die Voortrekkers*.

26.2 Hoofbestuur

- 26.2.1 Die hoofbestuur bestaan uit:
- a) die lede van die hoofdagbestuur onderhewig daaraan dat die hoofdagbestuur se addisionele stemreg, benewens die van die hoofleier, nie een-derde van die totale stemme op die hoofbestuur oorskry nie;
 - b) alle gebiedsleiers;
 - c) adjunkgebiedsleiers [administrasie] van gebiede met meer as 1000 lede;
 - d) bykomende adjunkgebiedsleiers op grond van proporsionele verteenwoordiging van gebiede soos in die betrokke reglement⁶³ bepaal;
 - e) die hoofskakeldraer en adjunkhoofskakeldraer van die Staatmakers.
- 26.2.2 Voorsitters van nasionale komitees en ad hoc-komitees en ander kundiges kan bepaalde sittings van die hoofbestuur op uitnodiging van die hoofdagbestuur in raadgewende hoedanigheid bywoon.
- 26.2.3 Die dienstermyn van die hoofbestuur en van die betrokke lede strek soos in die betrokke reglement⁶⁴ bepaal.
- 26.2.4 Die hoofbestuur se taak is:
- a) om wanneer die Kongres nie in sitting is nie as spreekbuis vir *Die Voortrekkers* op te tree;
 - b) om die besluite van die Kongres uit te voer en om onafgehandelde sake wat voor die Kongres gedien het of moes dien, of sake wat aan hom opgedra of gedelegeer is, af te handel;
 - c) om toesig te hou en leiding te gee oor die uitvoering van die bepalings van die Grondwet en die reglemente en om die bepalings daarvan uit te lê;
 - d) om toesig te hou oor en standarde te bepaal vir die opleiding van volwasse lede;
 - e) om oor sy werksaamhede aan die Kongres verslag te doen, met insluiting van goedgekeurde finansiële state, soos beskryf in die betrokke reglement;
 - f) om tussentydse vakatures in die hoofdagbestuur te vul soos in die betrokke reglement⁶⁵ bepaal;

⁶³Reglement, hoofstuk 24, artikel 3

⁶⁴Reglement, hoofstuk 24, artikel 3

⁶⁵Reglement, hoofstuk 24, artikel 3

- g) om waar nodig reglemente uit te vaardig en te wysig of te herroep oor alle aangeleenthede rakende *Die Voortrekkers* doeltreffende organisasie en die uitvoering van die doelstellings van *Die Voortrekkers* asook daardie aangeleenthede wat spesifiek aan die hoofbestuur opgedra is; en
 - h) om waar nodig spoedeisende wysiginge aan die Grondwet aan te bring, met dien verstande dat dit nie die wese van die Grondwet of beginsels daarin vervat, wysig nie en dat sodanige wysiginge in elk geval deur die eersvolgende Kongres gekondoneer moet word.
- 26.2.5 Die hoofbestuur kan sy magte en pligte, behalwe die hantering van reglemente, na goed-dunke delegeer.
- 26.2.6 Die hoofbestuur vergader minstens een keer per jaar.
- 26.2.7 Die hoofleier tree op as voorsitter en die adjunkhoofleier [administrasie] as sekretaris van die vergadering van die hoofbestuur. Indien die hoofleier afwesig is, tree 'n adjunkhoofleier anders as die adjunkhoofleier [administrasie] wat deur die hoofdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkhoofleier [administrasie] afwesig is, wys die hoofdagbestuur vooraf uit die geledere van die vergadering 'n sekretaris aan.

26.3 Hoofdagbestuur

- 26.3.1 Die hoofdagbestuur bestaan uit:
- a) die hoofleier;
 - b) die adjunkhoofleier [administrasie];
 - c) die adjunkhoofleier [finansies]; en
 - d) een of meer adjunkhoofleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, soos deur hoofbestuur bepaal.
- 26.3.2 Die verkiesing van die hoofdagbestuur geskied soos die betrokke reglement⁶⁶ bepaal met inagneming dat:
- a) die hoofleier met 'n volstreekte meerderheid deur die kongres verkies word na voorafnominasies deur enige kommandobestuur, oordbestuur of gebiedsbestuur;
 - b) die adjunkhoofleier [administrasie] en adjunkhoofleier [finansies] verkies word deur 'n kieskollege na voorafnominasie deur enige kommandobestuur, oordbestuur of gebiedsbestuur;
 - c) een of meer adjunkhoofleiers, met of sonder spesifieke portefeuljes, verkies word deur 'n kieskollege na voorafnominasie deur enige kommandobestuur, oordbestuur of die gebiedsbestuur;
 - d) die kieskollege bestaan uit die sittende lede van die hoofbestuur en bykomende lede, op grond van proporsionele verteenwoordiging soos in die betrokke reglement⁶⁷ bepaal, en deur die betrokke gebiedsbesture aangewys; en
 - e) die hoofbestuur met aanvang van verkiesingsproses die finale getal lede van die kieskollege bepaal.
- 26.3.3 Die verkiesing van die hoofdagbestuur is onderhewig daaraan dat:
- a) alle funksionaries met 'n volstreekte meerderheid verkies word;
 - b) ten minste een persoon van elke geslag in die hoofdagbestuur dien;
 - c) die adjunkhoofleier [administrasie] en adjunkhoofleier [finansies] tot die bepaalde portefeuljes verkies word;
 - d) die bykomende adjunkhoofleiers nie vir bepaalde portefeuljes verkies moet word nie, maar wel so verkies kan word, indien die hoofbestuur so besluit;
 - e) 'n lid op hoofdagbestuur in die pos van adjunkhoofleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien, tensy die kieskollege in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf, of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander adjunkhoofleier portefeulje wil dien;
 - f) die hoofleier vir 'n maksimum van twee opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die kieskollege in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig soos in die reglemente omskryf;
 - g) indien 'n lid van 'n gebiedsdagbestuur tot die hoofdagbestuur verkies word, hy sy rang

⁶⁶Reglement, hoofstuk 23, artikel 5

⁶⁷Reglement, hoofstuk 24, artikel 3

- op gebiedsvlak neerlê; en
- h) die hoofdagbestuur kom ooreen watter portefeuljes, indien nie tot spesifieke portefeuljes verkies nie, of ander verantwoordelikhede, deur verkose lede hanteer moet word.
- 26.3.4 Die dienstermyn van die hoofdagbestuur strek van een kongres tot die volgende een soos in die betrokke reglement⁶⁸ bepaal.
- 26.3.5 Die hoofdagbestuur se taak is:
- om te handel in opdrag van die buitengewone kongres, die kongres en die hoofbestuur;
 - om namens die hoofbestuur te handel wanneer die hoofbestuur nie in sitting is nie;
 - om waar nodig by ondergeskikte liggame navraag te doen oor opdragte, take en pligte wat skynbaar nie uitgevoer of nie afgehandel is nie, nie in orde is nie, of versuim word, en om dan na bevind van sake te handel of opdragte te gee na gelang die dagbestuur oordeel dat die goeie gang van sake die beste bevorder kan word.
- 26.3.6 Lede van die hoofdagbestuur het in raadgewende hoedanigheid sitting in alle vergaderings van enige liggaam wat aan hom ondergeskik is.
- 26.3.7 Die hoofdagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is.
- 26.3.8 Die hoofleier tree op as voorsitter van die hoofdagbestuur en die adjunkhoofleier [administrasie] as sekretaris van die vergadering. Indien die hoofleier afwesig is, tree 'n adjunkhoofleier anders as die adjunkhoofleier [administrasie] wat deur die hoofdagbestuur aangewys is, as voorsitter op. Indien die adjunkhoofleier [administrasie] afwesig is, tree 'n persoon wat deur die hoofdagbestuur aangewys is as sekretaris vir die vergadering op.

26.4 Nasionale Jeugraad

Die samestelling en funksionering van 'n Nasionale Jeugraad word in die betrokke reglement⁶⁹ bepaal.

27 DISSIPLINE EN DISSIPLINÊRE STAPPE

- 27.1 Indien enige lid van *Die Voortrekkers* hom gedra op 'n wyse wat strydig is met die Grondwet en reglemente kan die lid se funksie of lidmaatskap beëindig word ooreenkomstig die voorskrifte en die prosedure soos in die betrokke reglement⁷⁰ bepaal.
- 27.2 Indien 'n bestuursliggaam van *Die Voortrekkers* hom gedra op 'n wyse wat strydig is met die Grondwet en reglemente kan die bestuursliggaam se funksies oorgeneem word deur 'n liggaam waaraan die betrokke bestuursliggaam ondergeskik is.
- 27.3 'n Bestuursliggaam wat die mag het om 'n klag teen 'n lid te ondersoek, of waaronder 'n mindere liggaam ressorteer, het die mag om 'n lid of lede van die ondergeskikte bestuursliggaam onmiddelik te stuit in alle Voortrekkeraktiwiteite in afwagting van 'n ondersoek soos in die betrokke reglement⁷¹ bepaal.

28 ARGIEF

Met alle stukke en dokumente van *Die Voortrekkers* wat nie in lopende gebruik is nie, word gehandel soos in die betrokke reglement⁷² bepaal.

29 REGSGELDIGHEID VAN DIE GRONDWET

- 29.1 Die huidige formaat van die Grondwet is goedgekeur op die sewentiende Kongres van *Die Voortrekkers* wat in Julie 1993 in Bloemfontein gehou is. Dit is daarna gewysig of aangevul deur die kongresse wat in Julie 1997 (Hartenbos), Julie 2001 (Pretoria), Julie 2005 (Drakensville), Julie 2009 (Barkly-Wes) en Julie 2013 (Pretoria) plaasgevind het.
- 29.2 Die bepalings van hierdie Grondwet (Julie 2013) vervang alle vorige weergawes van die Grondwet en bly van krag totdat dit spesifiek gewysig of herroep word.
- 29.3 Al sodanige wysigings of aanvullings tree in werking nadat dit gepromulgeer is.

⁶⁸Reglement, hoofstuk 24, artikel 4

⁶⁹Reglement, hoofstuk 5

⁷⁰Reglement, hoofstuk 16

⁷¹Reglement, hoofstuk 16, artikel 5

⁷²Reglement, hoofstuk 15

30 ONTBINDING

- 30.1 *Die Voortrekkers* kan alleenlik ontbind word deur 'n buitengewone Kongres wat spesiaal belê is om die ontbinding van *Die Voortrekkers* te oorweeg.
- 30.2 *Die Voortrekkers* kan alleen ontbind word indien minstens twee derdes van die afgevaardigdes wat by die buitengewone Kongres teenwoordig is, daartoe besluit.
- 30.3 Die bepalings oor die byeenroeping en die werkwyse van 'n Kongres is ook van toepassing op sodanige buitengewone Kongres.
- 30.4 Indien 'n buitengewone Kongres tot die ontbinding van *Die Voortrekkers* besluit, moet die Kongres ook besluit op watter wyse met die bates daarvan gehandel word onderworpe daaraan dat dit aan 'n liggaam sonder winsoogmerk met soortgelyke doelstellings oorgedra word.
- 30.5 In die geval van die ontbinding van 'n gebied, oord, streek, kommando of veldkornetskap los van 'n kommando word daar gehandel soos in die betrokke reglemente⁷³ bepaal.

31. ALGEMEEN

- 31.1 Lede of ampsdraers sal nie aanspreeklik wees of gehou word vir enige van die verpligtinge en aanspreeklikhede van *Die Voortrekkers* bloot vanweë hul status as lede of ampsdraers van *Die Voortrekkers* nie.
- 31.2 Ampsdraers sal nie persoonlik aanspreeklik wees of gehou word vir enige verlies gely deur 'n persoon as gevolg van 'n handeling of versuim wat ter goedertrou geskied terwyl die ampsdraer werksaamhede vir of namens *Die Voortrekkers* verrig nie.
- 31.3 *Die Voortrekkers* se inkomste, eiendom of bates is nie aan sy lede of ampsdraers uitkeerbaar nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer of uitgawes aangegaan. Lede of ampsdraers het ook geen reg op enige bate of eiendom bloot uit die feit dat hulle lede of ampsdraers is nie.
- 31.4 *Die Voortrekkers*, en enige van sy strukture, bly voortbestaan ondanks enige verandering in die samestelling van sy lidmaatskap of ampsdraers.

32 WOORDBEPALINGS

Tensy dit uit die samehang anders blyk, geld in hierdie Grondwet dat:

- 32.1 alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag insluit, en omgekeerd;
- 32.2 alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui ook die meervoud insluit, en omgekeerd;
- 32.3 *outonoom* beteken dat *Die Voortrekkers* as 'n kultuurbeweging in sy handelinge, aksies, besluite en standpuntinname vry is om op te tree volgens 'n eie begronding soos gerig deur sy grondslag, wese en doelstellings binne die raamwerk van sy Grondwet;
- 32.4 *bestuursliggame* dié liggame is wat in die betrokke reglement⁷⁴ aangedui word as bestuursliggame;
- 32.5 '*n beskrywingspunt* 'n voorstel is wat 'n bestuursliggaam aan 'n gebiedsraad of die Kongres voorlê;
- 32.6 '*n Voortrekkergebied* 'n geografiese groepering van kommando's is, nie noodwendig volgens staatkundige grense nie, maar sover moontlik in prakties werkbare eenhede;
- 32.7 '*n aanvaarde Christelike kerk* 'n gemeenskap is van Christene wat die algemene belydenisse van die algemene Christelike kerke onderskryf, in die Drie-enige God glo, Jesus Christus as die enigste Verlosser en Saligmaker bely en die Bybel as die enigste geïnspireerde en onfeilbare Woord van God aanvaar;
- 32.8 *Bybels-Christelik* omskryf word as daardie lewens- en wêreldbeskouing wat tot 'n lewenswyse lei om uit genade van God, volgens die Woord van God, uit die Christelike geloof en tot eer van God alleen te leef;

⁷³Reglement, hoofstuk 19, 20, 21, 22, 23

⁷⁴Reglement, hoofstuk 1, artikel 3

32.9 *Afrikanervolk* se wesenskenmerke wat tot uiting kom in sy volkskarakter, omskryf word volgens algemeen wetenskaplike en historiese beginsels wat vir die Afrikaner insluit die Christelik-Protestantse godsdienssin, algemeen aanvaarde waardes, norme, ideale en strewes asook gemeenskaplike kultuurgeskiedenis en tradisies, draer van die Afrikaanse taal, volgens afkoms en keuse uit die Europese volkskultuur, maar Afro-sentries gerig met 'n gemeenskaplike bodemgebondenheid aan Suidelike Afrika. 'n Persoon behoort tot die Afrikanervolk deur afkoms en vereenselwiging of deur vereenselwiging met die wesenskenmerke van die Afrikanervolk; en deur wedersydse aanvaarding.